

'n PSIGODIAGNOSTIESE STUDIE  
VAN 'n AANTAL TRANSSEKSUALISTE

H O O F S T U K I

I N L E I D I N G

Weens die feit dat geslagsrolidentiteits- asook 'n geslags-identiteitsverwarring 'n toenemende probleem in die huidige lewenssituasie geword het, en in die uiterste vorm hiervan al meer persone hul aanmeld vir chirurgiese ingryping, is dit nodig geag om ook die sielkundige agtergrond van hierdie probleem te ondersoek en op hierdie wyse 'n bydrae te lewer tot sodanige geslagsveranderings.

Die transseksualis se probleem setel veral op 'n psigiese vlak en nie soseer op 'n fisiese vlak nie. Gevolglik is daar 'n tweespalt tussen hulle psigiese ingesteldheid en aanvaarding van hulle fisiese liggaam.

Om te bepaal waarom daar 'n onverenigbaarheid bestaan, asook hoe om 'n balans te bewerkstellig, kan dus moontlik vanuit hierdie studie bepaal word.

By die ware of essensiële transseksualis is 'n goeie prognose deur middel van psigoterapie twyfelagtig, en dit kan ook moeilik 'n omwenteling veroorsaak in die versteurde geslagsidentiteit van die essensiële transseksualis. Wanneer chirurgiese ingryping plaasvind kan die essensiële transseksualis se totale rol makliker verander wanneer sy psigiese ingesteldheid en fisiese liggaam bymekaar aangepas word.

Die nie-egte of pseudo-transseksualis kan nog deur middel van psigoterapie, aanvaarding van sy geslagsrol òf 'n verandering in sy ingesteldheid bewerkstellig en dus gevolglik as òf homo-seksueel òf normaal uit kristalliseer.

Derhalwe moet daar dus 'n baie duidelike onderskeid getref word tussen die ware of essensiële transseksualis en die nie-egte of pseudo-transseksualis. Sodoende word die prognose van die pasiënt bepaal, asook of chirurgiese ingryping of psigoterapie die wenslike metode in daardie geval is.

In hierdie studie is daar alleenlik van ware of essensiële transseksualiste gebruik gemaak. Hulle prognose met betrekking tot psigoterapie was swak omrede dit nie aanvaarding of verandering met betrekking tot hulle geslagrol sou bring nie.

Ten opsigte van chirurgiese ingryping was die prognose meer positief daar hul fisiese liggaam en psigiese ingesteldheid dan meer verenigbaar sou wees.

Tans is daar slegs 3 wettige Transseksualiste-klinieke in Suid-Afrika, te wete een elk in Kaapstad, Durban en Pretoria.

Die kliniek in Pretoria, waar alle gevalle vir hierdie studie bekom is, is in 1970 in die lewe geroep. Tot dusver het daar in Pretoria alleen reeds 60 persone 'n geslagsverandering aangevra. Alleenlik 22 geslagsveranderingsoperasies is uitgevoer waarvan 19 van manlik na vroulik, en slegs 3 van vroulik na manlik was. (In Kaapstad is + 11 en in Durban + 10 geslagsveranderings gedoen).

Tot dusver was al die operasies suksesvol en wil geen transseksualis wat reeds geopereer is, na sy vorige staat terugkeer nie.

Die voorkoms van transseksualiste in Suid-Afrika is tans een (1) uit elke 400 000 en die moontlikheid bestaan dat die getalle steeds sal toeneem (dr Botes 1974).

In hierdie studie word eers 'n literatuuoroorsig van bestaande bevindings en ondersoeke gegee. Daarna word ingegaan op die moontlike psigodinamiese faktore wat aanwesig is by vyf persone wat aansoek om 'n geslagsveranderingsoperasie gedoen het. Die eerste drie persone se biologiese geslag is manlik en hulle wil na die vroulike geslag verander word. Die laaste twee persone se biologiese geslag is vroulik en hulle wil na die manlike geslag verander word.

Die moontlike oorsake van transseksualisme, sowel as die gevolgtrekkings wat op grond van die psigodiagnostiese toetse gemaak is, sowel as die psigodinamika van die persone, word in hierdie studie so breedvoerig en objektief moontlik behandel. Hierdie studie is egter nog nie voltooi nie en laat nog 'n leemte wat eers deur middel van opvolging, moontlik op dokto=rale vlak, sinvol sal word. Veral met betrekking tot die aan=passing van die transseksualiste gedurende en + een jaar na die operasie sal 'n opvolgstudie van uiterste belang wees.

Hierdie studie geld dus alleenlik vir 'n voor-operatiewe persoonlikheidsbeeld van die essensiële transseksualis.

Verdere navorsing, veral 'n opvolgstudie na die geslagsveranderingsoperasie is noodsaaklik om 'n geheelbeeld van die essensiële transseksualis te verkry, asook om te bepaal of chirurgiese ingryping wel sinvol is al dan nie.

## H O O F S T U K   I I

### 'n OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP TRANSSEKSUALISME

Die term transseksualisme is van redelik resente oorsprong, alhoewel dit uit die ou mitologie sowel as kulturele oordrag blyk dat sodanige verskynsels wel voorgekom het.

Vanuit die Griekse Mitologie (Green en Money, 1969, p10) blyk dit dat die godin Venus Castina baie simpatie gehad het met die vroulike siele wat in manlike liggame opgesluit was. Vergelyk die volgende voorbeeld: "Tiresias, a theban soothsayer is reported to have been walking on Mt Cyllene when he came upon two snakes coupling. He killed the female and for this act was changed into a woman. Later, after coming to look favourably on his new form and testifying that woman's pleasure during intercourse was ten to man's one, he was changed back into a man - again as punishment"

Die eerste geslagsveranderingsoperasie het volgens skrywers in die tyd van Koning Nero voorgekom. Nero het glo in 'n woedebui sy swanger vrou se dood veroorsaak deur haar in die abdomen te skop. Daarna het hy so 'n intense skuldgevoel ontwikkel dat hy alles probeer het om iemand te vind wat soos sy lyk. Sy voormalige jong slaaf, Sporum, het die meeste na haar gelyk en Nero het toe 'n operasie op hom laat uitvoer, waarop Sporum in 'n vrou verander is. Na die operasie is hulle "getroud".

Die bekendste "cross-gender"-gedrag in die geskiedenis is die van Chevalier d'Eon. Sy naam het dan ook later aanleiding gegee tot die term "eonisme" wat Havelock Ellis gebruik het. Chevalier d'Eon het 49 jaar as 'n man en 34 jaar as 'n vrou gelewe.

Onder die Yumen-Indiane was daar 'n sekere groep genaamd die Elxa wat 'n "change of spirit" ondergaan het as gevolg van sekere drome gedurende hulle puberteit. Die geloof was dat indien hulle te veel van 'n sekere ding sou droom hulle 'n geslagsverandering sou ondergaan.

"As a small child the female counterpart of elxa, the kwe=rhame, were reported to have played with boys' toys. It is alleged that such women never menstruated; their secondary sexual characteristics were underdeveloped, and in some instances were male, perhaps some form of hermafroditism or virilism" (aldus Ford, soos aangehaal deur Green en Money, 1969, pp 16 - 18).

Onder die Pueblo-Indiane het daar ook die verandering van man na vrou plaasgevind, alhoewel onder radikaal ander omstandighede as in die hedendaagse tyd:

"A very powerfull man, one of the most virile, was chosen. He was masturbated many times a day and made to ride horseback at most continually. Gradually such irritable weakness of the genital organs is engendered, that, in riding, great loss of semen is induced ..... then atrophy of the testicles and penis sets in, the hair of the beard falls out, the voice loses its depth and compass. Inclinations and dispositions become feminine. This 'mujerado' loses his position in society as a man ..... his endeavour seems to be to assimilate himself as much as possible to the female sex, and to rid as far as may be all the attributes, mental and physical, of manhood" (aldus Hammond, Green en Money, 1965, p19).

## 1 Definisie en terminologie van Transseksualisme

As ons 'n oorsig oor die leteratuur neem, dan sien ons dat daar nie vroeër 'n skerp onderskeid tussen die begrippe transseksualisme en transvestisme bestaan het nie. Hirschfeld (1910) is die vader van die term transvestisme. (Trans en vestitus beteken "opposite in dress") maar voor daardie tyd het daar baie ander persone die transseksuele fenomeen probeer definieer (Walinder, 1968, p1).

Westphal (1869) noem die begrip "die konträre sexual emfindung". Krafft-Ebbing (1892) noem dit "metamorphosis sexualis paranoica", maar dit het heelwaar=

skynlik 'n psigotiese grondslag ook gehad. Binder (1933) praat van "verlangen nach Geschlechtsumwandlung". Havelock Ellis (1913) gebruik die term "sexo-esthetic inversion", maar verander dit later na "eonisme" (1920) wat gegrond is op "Chevalier d'Eon se naam en lewenswyse. Hamburger, Stürp en Dahl-Iversen (1953) het die term "genuine transvestism" gesuggereer sowel as "eonisme" of "psychic hermaphroditism". Money (1961) gebruik die term "contra-sexism".

Dorey (1956) het die term "inversion psycho-sexuelle avec travestissement" voorgestel, en Klotz, Bord en Colla (1955) praat oor "travestissement hetero-sexual habituel avec inversion psychique".

As uitbouing op die konsep transvestisme het Cauldwell (1949) die term "psychopathia transexualis" voorgestel. Hierna het Benjamin (1954) en Gutheil (1954) die term transseksualisme begin gebruik en sedertdien is dit die mees aanvaarbare begrip en word dit algemeen gebruik (Green en Money, 1969, p59 en Walinder, 1968, pl).

Transseksualisme word omskryf as "the confusion in a biologically normal person of being a member of the opposite sex; in adults this belief is these days accompanied by requests for surgical and endocrinological procedures that change anatomical appearance to that of the opposite sex" (Stoller, 1968, p90).

Benjamin maak die onderskeid tussen transvestisme en transseksualisme soos volg: "The extreme degree of transvestism, where the transformation of sex, is the foremost desire, transsexualism, the cardinal differentiation from transvestism being that in the transvestite the sex organs are the source of pleasure, while in the transsexual they are the source of disgust" (Psychiatric Quaterly, 1940, p203).

Die transseksualiste vorm dus 'n groep op hulle eie. Hulle voel die natuur het 'n fout gemaak met hulle geslag, omrede hulle psigiese geslag heeltemal reg en



normaal is, maar die anatomiese geslag nie hierby aanpas nie. Die manlike transseksualis sal ook verklaar "ek is 'n vrou", net so sal die vroulike transseksualis sonder huiwering erken dat sy "'n man" is. Daar is nie 'n seksuele dryfkrag vir die aantrek van vrouensklere in die manlike transseksualiste nie - intendeel, hulle seksuele dryfkrag is relatief swak ontwikkel tot selfs aseksueel. Hulle sal toelaat dat sodomie op hulle gepleeg word, maar hulle sal nooit sodomie self toepas nie. Hulle verkies die geselskap van 'n normale heteroseksuele man en sal alles in hulle vermoë doen om hom sosiaal en seksueel te bevredig. Hulle assosieer nie juis met homoseksuele persone nie en 'n verhouding sal baie definitief nie met 'n homoseksuele man aangeknoop word nie. Op 'n vraag hoe hulle verskil van homoseksuele persone sal hulle antwoord: "die homoseksuele man hou van ander homoseksuele mans terwyl ek van ander normale mans hou" (Botes, 1972, p156 en Brown, 1960, p225).

Green en Money (1969, p487) definieer die term transseksualisme soos volg: "Behaviourally, it is the act of living and passing in the role of the opposite sex, before or after having attained a hormonal, surgical and legal sex reassignment; psychically, it is the condition of people who have a conviction that they belong to the opposite sex and are driven by a compulsion to have the body, appearance, and social status of the opposite sex".

Walinder (1968, p2) onderskryf dit ook maar sê verder dat die transseksualiste ook deur middel van 'n operasie poog om hulle liggame en sosiale rolle te integreer met die konsep wat hulle van hulleself as man of vrou het.

Vir Bakwin en Bakwin (1967, p432) is die identifikasie en aanvaarding van die sielkundige identiteit van die teenoorgestelde geslag die deurslaggewende faktor en dit sluit ook aan by die definisie van Green en Money, alhoewel laasgenoemde verder noem dat psigiese interseksualiteit se intensiteit varieerbaar is, en 'n operasie in al die gevalle wat om 'n operasie vra, nie noodsaaklik

is nie. Streng maaatreëls moet dus getref word sodat net die "geskikte" essensiële transseksualiste geopereer word.

Ons sien dus dat daar 'n onomkeerbare geloof by die transseksualiste bestaan dat hulle van die teenoorgestelde geslag is, en dat hulle tot alle uiterstes sal gaan (selfs verinking en selfmoord) om die "fout" verander te kry (Green en Money, 1969, p488).

Dit is egter nodig geag, as gevolg van verwarring wat in die terminologie kan ontstaan, om ook die volgende terme te omskryf en hulle te onderskei van transseksualisme:

- Homoseksualisme.
- Transvestisme.
- Hermafrodisme of Biseksualiteit.

(a) Homoseksualisme

Homoseksualisme verskil van transseksualisme in die sin dat dit nie 'n geslagsidentiteitstoornis is nie. Die homoseksuele man of vrou is tevrede met sy/haar anatomiese geslagstatus. Hulle gebruik ook hulle geslagsorgane vir seksuele bevrediging. Hierdie feit geld vir die mees "verwyfde" man of die mees "vermande" vrou (aldus Botes, 1972 en Green en Money, 1969).

Green en Money (1969, p43) bevestig bogenoemde stelling dat die homoseksuele persoon met of sonder geslagsrolomkering, dit wil sê die verandering van 'n volkome manlike ingesteldheid na 'n volkome vroulike ingesteldheid en aanvaarding van die dergelike rol, en andersom, nie daaraan sal dink om sy geslagsorgaan te laat verwyder of omvorm nie, want hulle geniet die gebruik van hulle geslagsorgane.

"Contrariwise, the transsexual lives only for the day when he can rid himself of his hated genital



organs. It is possible to interpret transsexualism as an escape from genital sexuality, which would place this syndrome in a very different category from homosexuality" (Green en Money, 1969, p43).

Armstrong (1958, soos aangehaal deur Walinder, 1968, p3) sê dat die mees uitstaande kenmerk van die homoseksualis die behoefte aan 'n fisiese seksuele verhouding met 'n persoon van sy eie geslag is. Die transseksualis vind so 'n fisiese aktiwiteit veral met 'n homoseksualis, weersinwekkend en probeer dit ten alle koste vermy. Tweedens wil dié homoseksualis nie sy geslag en identiteit verander nie. Die transseksualis inteendeel, probeer alles in sy vermoë om dit te verander. Die voorkeur van kleredrag van 'n meer vroulike aard wat sedert die vroeë kinderjare voorkom, is baie meer bekend uit die geskiedenis van die transseksualis as die homoseksualis, sowel as die fantasieë aangaande swangerskap, 'n behoefte aan die vertolking van 'n moederlike rol en die intense begeerte na kastrasie om hierdie anatomiese feit na te boots.

West (p10) definieer homoseksualisme soos volg: "Homosexuality simply means the experience of being erotically attracted to a member of the same sex, and men or women who habitually experience strong feelings of this kind are called homosexuals". Dan gaan hy verder voort om te onderskei tussen die verskillende tipes homoseksualiste, wat nie hier ter sprake is nie. Hy gaan egter verder voort (p62) en beweer dat die homoseksualis nie met die teenoorgestelde geslag identifiseer nie. Mans wat wel die kleredrag van die teenoorgestelde geslag aantrek en hulle houdings naboots, doen dit alleenlik om die ander homoseksuele man op te wek. "They

do not wish to lose their boyish figures or change their genitals".

Sodra hulle egter sou wou laat opereer en dit ge=doen is, sou die homoseksualis egter nie meer in hulle belangstel nie. "In other words, their ef=feminacy remains rather less than skin deep, an in=dication of the kind of sexual attentions they are asking for rather than of any genuine desire to become women".

Die transseksualis is dus iemand wat alreeds baie vroeg in die kinderjare voel dat hy nie fisies tot die geslag behoort wat voorgeboortelik aan hom toe=gesê is nie. Gevolglik vra hy om 'n geslagsveran=dering. Hulle voer ook aan dat hulle mans is, vasgevang in 'n vroulike liggaam en omgekeerd. Hulle het dus geen fisiese of biologiese grondslag vir hulle stelling dat hulle tot die teenoorgestel=de geslag behoort nie en as hulle ondersoek word, is die bevindings meestal dat hulle biologies nor=maal is. Dit is 'n psigiese belewenis dat hulle tot die teenoorgestelde geslag behoort.

By die homoseksualis is dit net andersom, aldus Bakwin en Bakwin (1967, p433).

"The term homosexual is applied to sexual relations, either overt or psychic, between persons of the same sex. The essential deviation is in the choice of the sex partners".

Ook vir prof J H van den Berg (1967, p41) neem homo=seksualiteit 'n aparte plek in.

(b) Transvestisme

Baie skrywers het vroeër nie 'n subtiele onderskeid tussen die transseksualis en die transvestis gemaak nie. Sodoende het baie verwarring aangaande die twee begrippe ontstaan. Hedendaagse skrywers vind dit egter noodsaaklik om die klein, maar belangrike verskille tussen die twee aan te dui.

Die transvestis beperk hom hoofsaaklik tot die aan-  
trek van die teenoorgestelde geslag se klere. Die  
toestand is veral beperk tot mans. Hier is nie 'n  
geslagsrolidentifikasiestoornis nie. Die aantrek  
van die vroueklere dien hoofsaaklik as erotiese sti=  
mulus en word vir seksuele bevrediging gebruik.  
(Botes, 1972, p156).

Brown (1960, p218) beweer ook: "The essential fac=  
tor in transvestism is the desire to look like the  
other sex by wearing the clothes of that sex ....  
Desire for, or act of, and satisfaction connected  
with wearing the apparal of the other sex is the  
crux of transvestism".

Freedman en Kaplan (1967, p982) onderskryf die teorie  
dat die transvestis seksuele bevrediging verkry  
deur die dra van die klere en ook om die rol van  
die teenoorgestelde geslag te vertolk.

West (p19) beweer dat sekere kulture die dra van  
klere van die teenoorgestelde geslag toelaat, maar  
dat hulle doelwit anders is as die uitgesproke trans=  
vestis. "In some tribes the berdaches (mans wat  
vroue klere dra en dan die passiewe rol in sodomie  
vertolk) carried their pretence to femininity so  
far that they imitated female functions, scratching  
themselves to simulate blood or stuffing their  
clothes with rags to simulate pregnancy". Hierdie  
gebruike kom volgens hom nie onder die ware trans=  
vestiste in ons kultuur voor nie.

Green en Money (1969, p441) noem egter dat vroue en  
mans aan die dra van die teenoorgestelde geslag se  
kleredrag deelneem alhoewel dit oorwegend by die  
manlike geslag voorkom.

Die klem val egter steeds daarop dat die homosek=  
sualis, transseksualis en transvestis van mekaar  
verskil en onafhanklik van mekaar onderskei moet  
word (Bakwin en Bakwin, 1967, p433).

Dit kan die vraag laat ontstaan of transseksualisme dus as 'n perversie gesien kan word?

In die algemeen staan 'n perversie bekend as enige abnormale seksuele gedrag wat nie die vooruitgang van die geslag deur middel van voortplanting beoog nie, dit wil sê geslagtelike aktiwiteit as substituuat vir heteroseksuele aktiwiteit en coïtus gebruik word, en waarsonder orgasme nie maklik kan plaasvind nie.

Gevolgtrek is homoseksualiteit, transvestisme, bestialiteit, voyeurisme, ekshibisionisme en talle ander seksuele afwykings as perversiteite klassifiseerbaar.

Dit word egter in hierdie studie voorgestel dat die essensiële transseksualis nie as pervert geklassifiseer word nie. Alhoewel die transseksualis na 'n geslagsveranderingsoperasie steriel is, en dus nie op normale wyse kan voortplant nie, is die doelwit van die geslagsveranderingsoperasie "normale" heteroseksuele verhoudings, net met 'n veranderde geslagsrol.

(c) Hermafrodisme of Biseksualiteit

Green en Money (1969, p480) konstateer die volgende met betrekking tot hermafrodisme: "It is a congenital condition of ambiguity of the reproductive structures so that the sex of the individual is not clearly defined as exclusively male or exclusively female".

Hulle tref dan ook vervolgens 'n baie duidelike onderskeid tussen die transvestis en die hermafrodiet.

"Transvestism is not regarded as constituting a special biological and clinical category of intersex in which vestigial or deformed genital organs can be identified but the biological determinants of sex are confused."

Brown (1960, p222) bevestig ook hierdie teorie, nl:

"Hermafrodisie is die resultaat van organiese-constitusionele faktore terwyl transvestisme die resultaat van psigo-sosiale faktore is".

Stoller (1968, p23) maak egter die bewering dat die hermafrodisiese identiteit nie in alle transseksuele pasiënte voorkom nie, maar dat dit 'n skaars sielkundige toestand is. Die hermafrodisiese identiteit behels volgens hom die volgende 6 aspekte:

- (i) Anatomiese twyfelagtige eksterne genitalië vanaf geboorte, wat veroorsaak dat
- (ii) die ouers verward is aangaande die kind se werklike anatomiese geslag en gevolglik
- (iii) dubbelsinnig optree teenoor die kind wat kan lei tot
- (iv) verkeerdelike identifikasie van die kind met die ouers en hulle houdings en dus
- (v) misplaaste geslagsidentifikasie ondervind wat nooit in die realiteit herstel kan word nie omdat in die realiteitstoetsing
- (vi) die anatomiese twyfelagtige eksterne genitalië telkens uitgewys word.

Soos dus uit die bogenoemde feite afgelei kan word, beskik die hermafrodisie oor manlike sowel as vroulike geslagskenmerke wat biologies waarneembaar is en hom dus duidelik onderskei van die ander drie groepe reeds bespreek.

Die homoseksualis kan hom soms voordoen as 'n vrou alhoewel hy nie sy geslagsorgane verander wil hê nie. Die dra van die teenoorgestelde geslag se kleredrag dien alleenlik die doel om die ander homoseksualis seksueel op te wek.

Die transvestis trek egter in teenstelling met die

homoseksualis die klere van die teenoorgestelde geslag aan, alleenlik met die doel om seksuele bevrediging vir homself te verkry. Hy wil net soos die homoseksualis nie sy biologiese status verander nie en is tevrede met sy biologiese liggaam.

Die transseksualis dra die klere van die teenoorgestelde geslag, nie om seksuele bevrediging soos die transvestis te verkry nie, maar om die persoon se sosiale rol en status oor te neem as sy eie en dit te vertolk. Die transseksualis beskik oor 'n biologies-normale liggaam, in teenstelling met die hermafrodiet en glo reeds vanaf sy vroeë kinderjare dat hy tot die teenoorgestelde geslag behoort. Hy sal ook alles in sy vermoë doen om hom dan so te laat verander.

Dit is dus by die transseksualis 'n psigiese oortuiging dat hy van die teenoorgestelde geslag is en hom dus chirurgies so wil laat verander om 'n "normale" lewe te lei. Hy is dus nie soos die homoseksualis en die transvestis tevrede met sy biologiese liggaam nie.



### H O O F S T U K   I I I

#### DIE ONTWIKKELING VAN GESLAGTELIKHEID EN FAKTORE WAT GESLAGSROLVERWARRING KAN BEÏNVLOED

##### 1    INLEIDING

Ontwikkeling en differensiasie is onafskeidbare begrippe in die embriologie van geslag en volgens Money (1965, p3) is dit van belang dat psigoseksuele ontwikkeling ook psigoseksuele differensiasie as man of vrou insluit. Anatomiese-seksuele differensiasie in die embrio geskied op twee maniere waaruit psigoseksuele differensiasie mag voortspruit.

Die een siening dien ter verduideliking en as voorbeeld van die gonodale geslag (nl ovaria of testis) en daarna word dit herhaal deur die interne strukture. In albei gevalle word die "anlagen" in beide die manlike en vroulike aanvanklik gelykop neergelê in die persoon. Een stel atrofieer en kwyn weg, terwyl die ander vrugbaar word en differensieer. Die ander siening word toegelig deur die eksterne genitalië.

Die eksterne genitalië ontwikkel dus in 'n penis of 'n clitoris. Die vel wat die penis bedek is van dieselfde oorsprong as die clitoriskap en labia minora.

Brill (1965, p11) onderskryf dit: "There is an original predisposition to bisexuality, and in the course of development this changes to monosexuality, leaving only slight remnants of the stunted sex".

Sodra die testes of ovaria egter gevorm is, word die hormone vrygestel wat die differensiasie van die oorblywende genitale sisteem reguleer.

Volgens Money (1965, p11) is dit moeiliker vir die manlike psigoseksuele ontwikkeling om plaas te vind as die vroulike ontwikkeling en meer komplikasies mag in die proses voorkom. Die kritieke fase van die fetus om of

manlik of vroulik te ontwikkel lê in die 3-maande fase van swangerskap (Stoller, 1968, p7).

Wat verder vir Money (1965, p11) en Botes (1972, p157) van belang is in die psigoseksuele en anatomiese geslagsontwikkeling is veral:

- (a) Genetiese geslag. (Die chormosoomtelling by die vrou is 46 XX en by die man 46 XY).
- (b) Hormonale geslag (androgeneties of ekstrogeteties).
- (c) Gonodale geslag (ovaria, testis of gemeng soos by die hermafrodiet).
- (d) Morfologie van die interne reproduksie-organe.
- (e) Morfologie van die eksterne genitalië (die penis of die vulva).

Die organiese en psigiese geslag pas gewoonlik by mekaar aan. Anatomies en fisiologies pas die transseksualis ook by die bogenoemde beeld in, behalwe vir sy psigiese ingesteldheid teenoor sy biologiese liggaam.

Vir Money is dit ook belangrik hoe die ouers die kind groot maak, want by skoolgaande ouderdom is die houdings wat die ouers oorgedra het, reeds in die psige van die kind vasgelê. Dit sluit defekte in in die ouer-kindverhouding en samehangend daarmee verhoging van die normale ontwikkeling van ego-meganismes, identifikasie en verpersoonliking van hulle as ouers.

Havelock Ellis (1949) postuleer dat die verdeling in twee geslagte bestaan ten einde die vermenging van genetiese materiaal te vergemaklik. Dit is klaarblyklik dat daar veel groter potensiaal is vir nuwe genetiese kombinasies wanneer twee verskillende individue van 'n spesie daartoe bydra, as wanneer daar slegs 'n eenvoudige duplikasie van genes bestaan soos by eenslagtige of hermafroditiese voorplanting.

## 2 TEORIEË, STANDPUNTE EN MENINGS OOR DIE ONTWIKKELING VAN MANLIKHEID EN VROULIKHEID AS PERSOONLIKHEIDSKENMERKE

Na aanleiding van Erasmus (1970) is dit nie 'n uitgemaakte saak dat as 'n individu gebore word as biologies man-

lik of vroulik, dit die respektiewelike kenmerke is wat op psigiese vlak by die individu dominant sal wees nie. Daar is 'n hele aantal sienings oor die ontwikkeling van manlikheid en vroulikheid (taw)

(a) Die Psigo-analitiese teorie

Die psigo-analitiese ontleding van manlikheid en vroulikheid begin by die differensiële gedrag van die sperm en die ovum waarin daar blykbaar reeds analogiese gedrag van die man en die vrou weer=spieël word. Dit verwys dan ook na aktiwiteit en passiwiteit, nl die sperm is aktief en mobiel en soek na 'n vroulike sel of ovum om dit te penetreer en te bevrug, terwyl die ovum immobiel en passief wag. Dit kom ook ooreen met die rol van die man en die vrou in seksuele omgang waar die man die vrou aktief benader en haar penetreer terwyl sy relatief passief is. Hieruit volg dat die man die aktiewe en aggressiewe is en die vrou passief en ontvanklik.

Na bevrugting is daar bykans geen geslagsdifferensiasie nie. Die oorspronklike biseksuele disposisie word met verloop van ontwikkeling verander tot 'n uni-seksuele disposisie en slegs spore van die geatrofeerde geslag is nagelaat. Dit is egter nie van toepassing op die psigiese vlak nie.

Melanie Klein vind psigoseksuele differensiasie in die orale fase. So is daar dan ook ander skrywers met verskillende standpunte oor die ontwikkeling van manlikheid en vroulikheid in die verskillende geslagsroldifferensiasie fases (taw).

Freud (Erasmus, 1970, p38) beweer dat die differensiasie eers in die falliese fase van die kind plaasvind. By die dogter is dit gesentreer op die clitoris en by die seun op die penis.

Dit bring ons dan ook by die Oedipus- en Elektra-komplekse, wat van belang in hierdie studie is, in

die moontlike veroorsaking van geslagsrol- en geslagsidentiteitsverwarring.

Volgens J H van den Berg (1967) bestaan die Oedipus-kompleks uit drie komponente:

- (i) Die wens (van die seun) om die moeder seksueel te besit.
- (ii) Die wens om die vader as mededinger dood te maak (of uit te skakel).
- (iii) Die konflik wat uit bogenoemde twee wense spruit.

Die twee wense is die "oedipale relatie" en die konflik is die Oedipus-kompleks.

Die Oedipus-kompleks sluit die vrees van die seun in dat sy vader tussen hom en sy liefde vir sy moeder sal kom, en hom in die proses sal kastreer. Dit lei tot kastrasievrees. Hy moet dus sy liefdesobjek, nl die moeder, verander en die kastrasie daardeur afwend. Hy sien dus onbewustelik van sy penis af. Hy vereenselwig hom met die vader en identifiseer met hom: "Hij is dan, juist als de vader, man", en die falliese fase kom tot 'n einde.

Die teorie wat dan aan die ontstaan van transseksualisme gekoppel kan word, is dat die kind nie met die vader kan identifiseer nie en uit vrees dat die vader hom sal kastreer, poog hy om dit te laat doen en so=doende vrou te word.

By die meisie gebeur die teenoorgestelde, en dit word die Elektra-kompleks genoem, met gepaardgaande penis=afguns ("penis-envy").

Die dogter doen die ontdekking dat sy geen man is nie, voel teleurgesteld en ontwikkel 'n penisafguns. Dit kan ook moontlik die vroulike transseksualise dillemma verklaar, met ander woorde dat sy nie met die moeder kan identifiseer nie, en die jaloesie en wens om 'n penis te besit, allesoorheersend word, asook om net soos die vader te wees.

Horney (Erasmus, 1970, p96) beweer dat die rede hoekom die vrou penisjaloesie het, belangrik is: "Just as woman, because her genital organs are hidden, is ever the riddle for man, so man is an object of lively jealousy for woman precisely on account of the ready visibility of his organ".

'n Algemeen aanvaarbare etiologie van transseksualisme is nog nie bekend nie omrede daar nog baie oor gespekuleer word en vanweë individuele verskille.

Die volgende moet egter ook in aanmerking geneem word, naamlik dat geslagsidentifikasie van die kind heelwaarskynlik bepaal word voor die ouderdom van 3 jaar, wat volgens Greenson saamhang met die falliese fase sowel as invloede vanuit sy omgewing (Erasmus, 1970).

Daar is ook skrywers wat ander faktore aandui, soos byvoorbeeld:

(b) Sosiale faktore en die leerproses

Dit sluit daardie faktore in wat op die individu inwerk vandat 'n sekere geslagsrol aan hom toegeskryf is totdat hy daardie geslagsrol self beoefen volgens die norme wat aan hom gestel word. Hierdie proses van ontwikkeling staan as geslagstipering bekend.

Volgens Erasmus (1970, p108) leer seuns en dogters dus iets van die geslagtelikheid van albei geslagte aan; sekere toepaslike en aanvaarbare gedrag sal alleen by die een geslag al hoe meer beoefen word, vanweë die positiewe versterking, aanvaarding, goedkeuring en beloning, wat daarmee saamhang. Hy leer ook watter gedragspatrone van sy geslag verwag word.

Hierdie leerproses kan volgens die erkende beginsels van kondisionering plaasvind. Nabootsing en identifikasie speel egter eweneens belangrike rolle. Die uiteindelijke gevolg is dat geslagstipering 'n inherente deel van die selfkonsepvorming word en dat die geslag van die individu 'n duidelike deel van sy selfkonsep uitmaak. (Geslagsidentiteit is ook 'n

voorwaarde vir egoidentiteit wat later in die persoon se lewe 'n belangrike rol vervul).

(c) Kulturele faktore

Erasmus (1970, p119) beweer dat kultuur manlikheid en vroulikheid in feitlik enige vorm kan laat ontwikkel, maar in die oorgrote persentasie van alle kulture ontwikkel dit volgens 'n meer universele patroon met kwantitatiewe variasies vanweë 'n redelike universele biologiese samestelling en fisiese omgewing van die mens.

Vir Stoller (1968) is kulturele faktore eerder aangeleer na geboorte as biologies bepaalbaar. Dit sluit ook in wat die bepaalde kultuur definieer as manlike of vroulike aktiwiteite.

Volgens Botes (Geneeskunde, 1972) vervul die pa in die huisgesin die "positiewe valensie-rol" en die moeder die "negatiewe valensie-rol" ten opsigte van die jong seun. Die seun vereenselwig hom met die rol wat die pa vertolk in sy omgewing en gebruik die ma se rol as 'n voorbeeld van hoe hy nie behoort te reageer nie. Met ander woorde hy ontwikkel 'n positiewe valensie vir die manlike of vaderlike rol. Indien die pa nou òf afwesig is, òf 'n ondergeskikte rol speel in die huishouding, met ander woorde baie op die agtergrond is, verval die positiewe invloed op die kind en identifiseer die seun met die ma. Sy geslagsrol sal dus afhang van watter ouer se valensie hom die sterkste beïnvloed het. Dit is dus ook moontlik om te postuleer dat afhangende van hoe oud 'n kind is en watter invloede op hom inwerk tydens byvoorbeeld die oedipale fase, puberteit en adolesensie, hy gaan ontwikkel in 'n transseksualis, homo-seksualis of transvestis.

Dit moet egter nou gelyktydig hiermee gesê word dat bogenoemde faktore nie absoluut is nie, omrede daar seker duisende kinders is wat in soortgelyke omstandighede groot word en wat nie abnormaal ontwikkel nie.



Daar is ook ander faktore in die hedendaagse kultuur wat die omkering van geslagsrolle kan veroorsaak byvoorbeeld die "unisex"-mode, die emansipasie van die vrou, "Woman's lib" ens. Dit is ook makliker vir die persoon met geslagsrolprobleme om nou na vore te kom as 'n paar jaar gelede vanweë die meer sosiaal-aanvaarbaarheid daarvan en die klem wat daarop gelê word.

Dit blyk ook dat daar nog faktore van organiese aard ook aanwesig kan wees wat transseksualisme kan veroorsaak, byvoorbeeld:

(d) Genetiese en endokriene faktore

Die genetiese geslag by motte korreleer goed met alle grade van interseksualiteit. By die mens egter is dit slegs by die Klinefelter-sindroom waar daar enkele gevalle beskryf is van transvestisme.

Die endokriene faktore, wat voorgeboortelik sou inwerk, kan weer by die Rhesus-aap waargeneem word, maar dit korreleer nie by die mens nie.

(e) Serebrale faktore

Daar is bewys van 'n geval wat 5 jaar na 'n hoofbesering in 'n transseksualis ontwikkel het. Soortgelyke gevalle is ook met temporale-kwabbeserings en epilepsie beskryf. Tot dusver was hier nog geen scortgelyke gevalle nie.

(f) Fetale-hormonale faktore

Daar word beweer dat 'n fetale vermanlikingseffek in utero kan plaasvind en 'n uitwerking het op die vroulike sentrum in die hipotalamus. Dit blokkeer laasgenoemde sodat ritmiese kontrole seine nie uitgestuur kan word vir die ontwikkeling van 'n vroulike individu nie. Bewyse hiervan kan byvoorbeeld in die hermafrodiet en die androgenitale sindroom gevind word. Die teenoorgestelde is ook waar naamlik dat baie van hierdie gevalle van interseksualiteit 'n duidelike geslagsidentifikasie het as man of vrou

ten spyte van hulle interseksualiteit.

Dit is dus duidelik dat daar nie slegs een faktor is wat transseksualisme veroorsaak nie, en dat daar ook aan ander faktore aandag gegee moet word (Geneeskunde, 1972).

### 3 DIE INVLOED VAN DIE OUERS IN GESLAGSROLVERWARRING

Multifaktoriale en veelvuldige faktore is aanwesig in die etiologie van die transseksualis en nie net een ten koste van die ander nie. Die sosiale omgewing waarin die kind groot word, die geaardheid van die ouers, watter geslag baba hulle wou gehad het, ens, is ook belangrik (Geneeskunde (1972)).

Volgens Freud (1963, p185) is die moeder bewus van die seksuele motiewe van die seun ten opsigte van haarself. Vroeër of later besef sy dit is verkeerd en moet sy hom dit verbied. Dit het min effek omdat: "usually, in order to make the threat, she delegates its execution to the father, saying that she will tell him and that he will cut the penis off". Die seun steur hom nie daaraan nie, totdat hy 'n vrou sien of die vroulike genitalië, wat dan tot 'n ernstige trauma aanleiding kan gee.

Sodra die transseksualis gevra word oor hoe hy tydens sy kinderjare gevoel het, antwoord hulle deur die bank dat hulle reeds al op 'n vroeë ouderdom gemerk het dat hulle "anders" is, en uitgesluit deur die ander kinders, gevoel het. (Green en Money, 1969, p23).

Tot op die ouderdom van  $\pm$  4 jaar word dit as normaal beskou dat kinders klere dra van die moeder, susters of broers. (Bakwin en Bakwin, 1967, p433). Dit is egter abnormaal wanneer die teenoorgestelde geslagsrolidentiteit in 'n kind gemanifesteer word. In plaas van die gedrag tipies van 'n kind van daardie spesifieke ouderdom en geslag uit te voer, vermy hy dit en doen dit op die teenoorgestelde manier (Green en Money, 1969, p25).

As volgens Bakwin en Bakwin (1967) op die saak, hoekom sommige seuns 'n voorkeur vir hulle moeder en susters se kleredrag toon, ingegaan word, word gemerk dat die ouers

graag 'n dogter wou gehad het en nou 'n seun het.

In studies wat Green en Money (1969) en Stoller (1968) uitgevoer het, blyk dit dat die moeders van transseksualiste verskil van gewone moeders. Die ouers van die transseksualis dwing gewoonlik op die jong seun 'n spesifieke vroulike lewensstyl af, wat hom sodanig laat ontwikkel.

'n Interaksie of wisselwerking van 'n hele aantal faktore is egter betrokke in die ontwikkeling van transseksualisme.

As seuns fantaseer dat hulle vroulik is, as sulks aantrek (as hulle toegelaat word), praat van liggame wat vroulike veranderinge gaan ondergaan (byvoorbeeld menstruasie) en net vroulike rolle in speletjies vertolk, kan mens al tekens van geslagsrolverwarring opmerk.

Gedurende adolossensie kan hulle nie hulle manlikheid gebruik of uitdrukking daaraan gee nie, nie hulle penis met die vrou gebruik nie, nie seksuele bevrediging kry deur die dra van vroulike klere nie, nie hulleself as homoseksuele beskou nie en wens hulle net om vrou te wees, liggaamlik sowel as psigies (Green en Money, 1969, p153).

Stoller (1968, p92) onderskryf dit as volg: Die klein seuntjie net soos die volwasse transseksualis, is ten volle geïdentifiseer met die vroulike rol, het net so veel vroulike aanwendsels, belangstellings en fantasieë soos die klein dogtertjie van sy ouderdom, en hy druk ook openlik sy wens uit om sy liggaam te verander om soos 'n vrou te lyk.

Verskeie faktore is dus van belang in die psigoseksuele differensiasie van die kind, maar veral sosiale-, omgewings- en kulturele faktore asook die houding van die ouers en hulle respektiewelike rolvertolking in die huisgesin is belangrik. Die een kan nie ten koste van die ander uitgesonder word nie.

#### 4 DIE SCEKE NA IDENTITEIT

Gedurende adolossensie ondervind die gemiddelde individu bi-seksuele konflikte en hy/sy het die behoefte om te

identifiseer met persone wat van dieselfde geslag as hy/sy is. Dit is eers noodsaaklik dat hy/sy deur hierdie fase gaan sodat meer sekerheid en sekuriteit ondervind kan word met lede van die teenoorgestelde geslag.

As gevolg hiervan ontwikkel die beeld of siening van die self as manlik of vroulik.

"Adolescence furnishes situations and attitudes for continued experimentations which require to be resolved if his sexual identity is to be contributed toward a fuller sense of identity and to move him toward behavior prescribed for adults of his own sex" (Maier, 1969, p63).

Onsekerheid oor hulself as manlik of vroulik, is iets waarmee die transseksualiste sedert 'n vroeë ouderdom reeds probleme ondervind, omdat hulle steeds onseker van hulle werklike geslag is en juis daarom nie 'n werklike geslagsrolidentiteit kon ontwikkel nie.

Die adolossente jare is belangrik omdat die adolossent iemand moet word met 'n eie identiteit. Hy moet onder andere sosiale rolle en waardes met homself en sy omgewing in verband bring, en dis juis vir die transseksualis problematies. Hulle soek na aanvaarding van ander, maar dit bly buite hulle bereik omdat hulle so onaanvaarbaar vir die gemeenskap optree. Die aanvaarbaarheid deur ander is veral vir Erikson (1959) van groot belang. "It has been sufficiently recognized in psycho-analysis that such recognition (from others) provides an entirely indispensable support to the ego in the specific task of adolescence".

Die adolossent is dus steeds besig met die verlede (die Oedipus- of Elektra-kompleks) en die hede - die soeke na homself of sy werklike identiteit en dit lei hom tot volwassening, met geslagsrolidentiteitsaanvaarding.

Dit is iets waarmee die transseksualis voortdurend probleme ondervind omdat hy steeds onseker bly van sy geslagsrolidentiteit en volhou daarmee dat hy van die teenoorgestelde geslag is.

Hy ontwikkel dus 'n diffuse identiteit wat volgens Rubins (1968, p40) as volg beskryf kan word: "'n Verdeling van sy selfbeeldkonsepte, 'n verlies van die sentrale kern, 'n gevoel van verstrooidheid en verwarring en angs te midde van die verlatenheid".

Dit is die dilemma waarin die transseksualis hom bevind, naamlik die onsekerheid van homself en gepaardgaande daarmee sy hele belewenis van die wêreld en die mense om hom. Hy bly voortdurend op soek na sy ware identiteit.

H O O F S T U K IVREGSASPEKTE VAN BELANG MET BETREKKING TOT  
TRANSSEKSUALISME IN SUID-AFRIKA

Alhoewel die geslagsveranderingsoperasie steeds meer algemeen word - die getal bekende operasies gedurende die afgelope 20 jaar word wêreldwyd op tussen 1 000 en 2 000 beraam, is regs-literatuur oor die onderwerp betreklik karig. Daar was trouens in die Republiek van Suid-Afrika nog geen hofuitspraak oor die aangeleentheid nie, alhoewel daar voldoende ruimte in ons gemene reg bestaan vir prinsipiële juridiese beoordeling van die ingreep. Die geëorloofdheid al dan nie van 'n besondere operasie of behandeling geskied aan die hand van die leerstuk: Volenti non fit iniuria, wat juridies die algemene grondslag vorm van die geneeskundige ingreep as sodanig. Indien 'n hofuitspraak ter sake sou kom in Suid-Afrika sou van bestaande uitsprake gebruik gemaak word ter prinsipiële beoordeling van die ingreep.

Die wetgewer staan onsimpatiek teenoor wat beskou word as afwykende seksuele gedrag. Om die klere van die teenoorgestelde geslag te dra, is byvoorbeeld 'n strafbare daad. (Ingevolge die Wet op die Verbod op Vermommings no 16, Wet no 16, van 1969).

Chirurgiese geslagverandering van 'n eggenoot is 'n egskeidingsgrond. Die blote weiering van geslagsgemeenskap vanweë transseksuele neigings sou reeds by ons voldoende grond wees vir 'n egskeidingsaksie weens "konstruktiewe" verlating.

Wysiging van geslag op 'n geboortesertifikaat kan eweneens net soveel probleme oplewer as die voornaamsverandering. Die verandering van die name of geslag op ander amptelike of half-amptelike dokumente soos byvoorbeeld skoolsertifikate, kan insgelyks baie moeilikheid oplewer.

Die regsgeldigheid van 'n huwelik aangegaan deur 'n transseksualis, wat chirurgies omskep is, mag in twyfel getrek word. As hy eenmaal getroud is, mag die vraag dan ontstaan of die huwelik nietig verklaar kan word. Ander vrae kan ook ontstaan byvoorbeeld mag hulle kinders aanneem, die deelname aan mili-



têre diensplig en probleme betreffende erflatings.

Van besondere belang vir almal betrokke, is of die operasie nie regtens verbode is nie. Twyfel oor die juridiese geoorlooftheid van die ingreep word nogtans van tyd tot tyd uitgespreek. Ooreenkomstig die gemelde beginsel van volenti non fit iniuria, kan aangevoer word dat iedere drastiese ingreep van nie-terapeutiese aard in beginsel wederregtelik is, tensy daarmee 'n regtens geoorloofde doel nagestreef word. Toestemming van die pasiënt is nie per-se regverdiging nie. Die ware handeling moet terapeuties wees. Die egte transseksualisasie word gesê, is 'n psigies ernstig versteurde mens wat nie die vermoë besit om by normale maatskaplike verhoudings aan te pas nie. Dikwels ontwikkel hy selfmoordneigings. Psigoterapie is feitlik van geen nut vir hulle nie en die enigste oplossing is die chirurgiese mes, waardeur sy "uitwendige" voorkoms in ooreenstemming gebring word met sy sielkundige oriëntasie en waardeur hy dan tot sielkundige balans gebring word.

'n Amptelike Nederlandse Kommissie van Onderzoek na die regverdiging van so 'n operasie kom in 1965 tot die volgende slotsom in verband met plasties-chirurgiese ingryp: "dat er onvoldoende argumenten aanwezig zijn om transexisme operaties dwz in geslachtstranformerende zijn, te behandelen. Doet men dit toch, dan dient men zich te realiseren, dat aan elke zodanige ingreep een onbekend groot risico verbonden is, niet alleen in somatische maar vooral ook in psychologische zijn en dat omtrent het geen enkele zekerheid bestaat."

Hierdie siening regverdig myns insiens op sigself 'n ondersoek soos in hierdie verhandeling uiteengesit.

Hulle baseer hulle feite daarop dat daar baie teleurstellings asook min empiriese feite is. Al wat die chirurgie, volgens die Kommissie, werklik bereik, is 'n nabootsing van die begeerde geslag en geen ware geslagsverandering in terme van die voortplantingsfunksie nie. Die Kommissie vereis ook 'n opvolging van tien jaar van hierdie persone wat verander word, sodat definitiewe wetenskaplike gevolgtrekkings gemaak kan word.

Op hierdie stadium van geneeskundige kennis en ervaring is daar bepaalde bewyse dat hierdie ingreep voordelige resultate vir sekere scoorte pasiënte inhou. (dink byvoorbeeld aan Christine Jorgenson). Daar is weinig aanduidings te vinde dat pasiënte wat die operasie ondergaan het, agterna in 'n swakker sielkundige toestand verkeer.

Volgens heersende menings van juriste is die ingryping regtens ten volle geoorloof mits dit voorafgegaan is deur 'n grondige ondersoek en voltrek is met behoorlike vaardigheid en sorg en mits ingeligte toestemming van die pasiënt verkry is, moet die ingreep derhalwe as regmatig aangemerkt word. (Ingeligte toestemming behels dat hy/sy deur die geneesheer ingelig word oor die fisiologiese en psigiese gevare en implikasies vir hom/haar, en dat hy/sy op grond van hierdie kennis skriftelike toestemming gee. Sielkundige oogmerke moet ook verduidelik word, naamlik dat die begeerde sielkundige resultate dalk nie opgelewer kan word nie, en hierdeur kan die hele doel van die ingreep straks verydel word).

In 'n saak wat in die buiteland voor 'n geregshof gedien het, het die hof die standpunt ingeneem dat hy nie kan inmeng met geneeskundige bewyse nie, en het voorts verklaar dat ag geslaan moet word op onlangse studies met betrekking tot transseksualisme. Volgens hierdie studies is kenmerke van beide geslagte in elke mens 'n biologiese feit (Money, 1969, p3 en Brill, 1938).

As 'n geneesheer dus besluit om te opereer is dit as gevolg van gespesialiseerde tegniese vermoë, aldus die hof. (Die betrokke saak is dié van dr Fardeu et alii, waartydens 'n pasiënt na 'n transseksualiste operasie gesterf het, maar hy het kennis gedra van die gevare en nogtans toestemming gegee vir die operasie).

Vir sover dit die juridiese beoordeling van "status" van die transseksualis betref is daar verskeie probleme, naamlik of daar inderdaad 'n geslagstransformasie plaasgevind het. Die hof in die Fardeu-saak verlaat hom op geneeskundige en psigiatrisiese getuienis as gevolg van die gespesialiseerdheid van die saak.

Somatiese kenmerke is volgens sommige juriste nie meer deur=slaggewend nie en juriste is tans meer geneig tot die stand=punt dat sielkundige oriëntasie 'n faktor is wat swaarder weeg.

Die reg help die transseksualiste maar waar hulle veral nog probleme ondervind is die maatskaplike erkenning van die psigiese geslag - wat vir die persoon van die grootste belang is.

Soos Green (1969) dit stel, "wat baat dit enigeen van ons om daarop aan te dring dat iemand 'n man moet wees terwyl vir al die doeleindes van die daaglikse lewe, so 'n persoon slegs 'n vrou kan wees en as 'n vrou aangesien kan word? Watter trots kan daar wees op 'n regsreël wat gewone menslike oorwegings verwerp?"

Prof S A Strauss beveel aan dat indien die moderne geneeskunde bereid is om die ongelukkige transseksualis te help om by wyse van chirurgiese transformasie later aan te pas by sy gemeenskap, behoort die reg en die administrasie albei hiertoe mee te help. (Prof S A Strauss, Geneeskunde, 1972).

DEEL II : GEVALLESTUDIE

H O O F S T U K V

DIE DOEL, AARD EN METODE VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie ondersoek is om deur middel van 'n volledige kliniese geskiedenis, 'n individuele intelligensietoets met klinies diagnostiese waarde, projektiewe en ekspressiewe tegnieke, die psigodinamika van die transseksualis te bestudeer.

Die literatuurstudie het aangetoon dat geslagsveranderings reeds in die vroegste eeue voorgekom het. (Reeds in Nero se tyd). Deur hierdie studie is gepoog om kenmerkende eienskappe wat by transseksualiste voorkom te probeer identifiseer.

Die ondersoeker het van die kliniese benadering gebruik gemaak, dit wil sê geen klem op geïsoleerde faktore geplaas nie, maar op die persoon as geheel. Sy/haar hele menswees en benadering van homself/haarself en ander persone is dus ondersoek.

Die ondersoeker het dus elke persoon individueel benader en hom/haar as mens in sy/haar leefwêreld ondersoek. Omrede projektiewe en ekspressiewe tegnieke gebruik is, is die metode hoofsaaklik subjektief van aard.

Die pasiënte wat gebruik is, is almal deur dr M Botes van die Transseksualiste kliniek vir sielkundige toetsing verwys. Almal het met die doel gekom om 'n geslagsveranderingsoperasie na òf 'n man òf 'n vrou, te ondergaan.

Daar is gebruik gemaak van die Wechsler-Bellevue-intelligensietoets omrede die IK een van die bepalende faktore in die seleksie van voornemende persone vir die operasie is. Daar is gebruik gemaak van die Rorschach-toets en die Tematiese Apersepsietoets (TAT) om persoonlikheidsfunksionering en onderliggende dinamika bloot te lê. Die "Teken-'n-mens toets" (DAP) en die Wartegg-prentvoltooingstoets is gebruik om die persoon se houding teenoor homself en reaksies op sekere manlike en vroulike stimuli ekspressief waar te neem, en te bestudeer.

Vervolgens word die onderskeie toetse wat gebruik is kortliks bespreek:

1 Die Wechsler-Bellevue-intelligensietoets

Die Wechsler-Bellevue-intelligensieskaal vir volwassenes is hoofsaaklik 'n intelligensietoets alhoewel dit ook as kliniese diagnostiese hulpmiddel gebruik kan word, asook vir bepaling van intellektuele deteriorasie.

Die Wechsler-Bellevue-intelligensieskaal wat in hierdie studie gebruik is, is die Suid-Afrikaanse gestandaardiseerde weergawe (dit is behartig deur die NIPN).

Anderson en Anderson (1951, p579) het die volgende daarvoor te sê: "Performance on intelligence tests is so interwoven with behavior that it is thought of as the expression of personality that the concepts of intelligence and of personality are inseparable".

Die Wechsler-Bellevue is egter hoofsaaklik gebruik om die persone se IK's te meet, aangesien intellektuele vermoëns vir prognostiese doeleindes van belang is voordat 'n operasie uitgevoer word.

(a) Klinies diagnostiese indikasies van die verskillende subtoetse

Subtoets I : Algemene Inligting

Intelligensie kan gesien word as 'n funksie van 'n aangebore verwerkingspotensiaal of vermoë wat ontvou in 'n proses van rypwording. Hierdie proses gaan gepaard met die inwinning van inligting, feite, kennis en verhoudings oor en tussen voorwerpe, persone en situasies in die individu se omgewing.

Hierdie rypwordingsproses is afhanklik van die "rykdom" of "armoede" van 'n persoon se opvoedkundige omgewing wat die ouerhuis, familie-betrekings, sosiale verhoudings, opleiding, geografies-kulturele milieu, ens. insluit.

Die subtoets bepaal normaalweg die toetsling se vermoë om kennis te absorbeer, sy retensievermoë en kapasiteit om daardie kennis in 'n bepaalde situasie suksesvol te gebruik.

Afgesien van bogenoemde kan die volgende inligting moontlik deur verdere kliniese ontleding van hierdie subtoets verkry word:



- (i) Stadium of vlak van ryppwording.
- (ii) Terugslae.
- (iii) "Rykdom" van opvoedkundige omgewing.
- (iv) Graad van opleiding.
- (v) Kulturele agtergrond.
- (vi) Sosiale aanpassing.
- (vii) Langtermyngeheue.

### Subtoets 2 : Algemene Begrip

Hierdie subtoets is hoofsaaklik 'n maatstaf van oordeel in die alledaagse lewe. Dit is met ander woorde 'n maatstaf van die toetsling se vermoë om situasies en voorwerpe in realiteit waar te neem, dit wil sê "gesonde verstand".

Verdere ontledings kan ook die volgende moontlike inligting verskaf:

- (i) Vermoë om te reageer op situasies.
- (ii) Logiese redeneervermoë.
- (iii) Impulsiwiteit.
- (iv) Kompulsiwiteit.
- (v) Emosionele oriëntasie.
- (vi) Opvoeding.
- (vii) Vermoë om emosionele reaksies te beheer.
- (viii) Vermoë om gedagtes in woorde uit te druk, ens.

### Subtoets 3 : Rekenkundige Redeneervermoë

Hierdie subtoets hang nou saam met die syfersimbooltoets as gevolg van ooreenkomste ten opsigte van mate van konsentrasie vereis, minimum verbale kommunikasie en statistiese resultate.

Die subtoets is hoofsaaklik 'n maatstaf van konsentrasie, met die klem op produktiewe konsentrasie.



Produktiewe konsentrasie verskil van gewone konsentrasie in die sin dat die persoon in die proses van uitvoering van die toetstaak doelbewus informasie, kennis, feite, tegnieke en verhoudings, wat op 'n tydstip in die verlede ervaar en ingewin is, uit sy eie geheue moet opdiep. Hierdie data in die persoon se geheue moet geselekteer, georganiseer en binne 'n vasgestelde tyd in die vorm van 'n antwoord op die gestelde probleem geproduseer word.

Hierdie subtoets is verder 'n maatstaf van abstrakte redeneervermoë aangesien oplossing van die probleem abstrakte, gesistematiseerde denke as voorvereiste stel.

#### Subtoets 4 : Syferherhaling

Volgens RAPAPORT is hierdie subtoets nie 'n maatstaf van geheue soos algemeen aanvaar word nie. Volgens hom het geheue betrekking op logiese, betekenisvolle en emosioneel relevante materiaal wat versamel is in verhouding met 'n persoon se belangstellings, houdings en strewes.

Syferherhaling as subtoets kan volgens Rapaport eerder primêr gesien word as 'n maatstaf van eerstens aandag en tweedens konsentrasievermoë en sekondêr as korttermyngeheue.

Onsekerheid of gebrek aan sekuriteit, 'n onderdrukte vreeskompleks of spanning kan 'n toetsling se prestasie op die subtoets benadeel.

#### Subtoets 5 : Ooreenkomste

Hierdie subtoets is 'n maatstaf van die funksie van konsepformasie, met ander woorde die vermoë by 'n persoon om die verband te sien tussen voorwerpe, mense en situasies wat iets gemeenskaplik het. Dit is die vermoë om voorwerpe te plaas op 'n spesifieke plek binne 'n groter geheel, dus 'n proses van identifikasie.

Die proses van konsepformasie is 'n voorvereiste vir enige vorm van assosiasie. Nuwe ondervindings word dus geassosieer aan die hand van 'n geheelpatroonstruktuur, sodat dit deel vorm van 'n eenheid waar elke voorwerp en ondervinding 'n feit en verband het met die geheel en ander onderdele.

Hierdie toets toon dus veral aan of die toetsling in staat is om nie net die oppervlakkige gelyksoortigheid van voorwerpe en situasies op te merk nie, maar ook hulle dieperliggende logiese samehang en verband.

#### Subtoets 7 : Prentvoltooiing

Hierdie subtoets dien as maatstaf van konsentrasievermoë by visueel waarneembare take. Dit meet die vermoë om ontbrekende gedeeltes in die geheelbeeld te ontdek, met ander woorde die vermoë om visueel te organiseer en anekdotes te antisipeer.

#### Subtoets 8 : Samevoeging van voorwerpe

- (i) Visueel motoriese koördinasie.
- (ii) Visuele organisasie, met ander woorde die vermoë om voorwerpe te identifiseer, selfs al kan die voorwerp nie in sy geheel waargeneem word nie.
- (iii) Slordigheid - oorhaastigheid.
- (iv) Die vermoë om die relatiewe verband tussen voorwerpe waar te neem.
- (v) Die vermoë om die onderlinge samehang te snap.
- (vi) Die toets korreleer ook goed met die selfkonsep van die persoon omdat die 3 take te doen het met aspekte van die menslike figuur.

#### Subtoets 9 : Blokpatrone

Hierdie subtoets kom nou ooreen met die voorafgaande toets en kliniese inligting is naastenby dieselfde:

- (i) Visuele motoriese koördinasie.
- (ii) Visuele organisasie - sowel analities as konstruktief.
- (iii) Vermoë om sistematies te werk.
- (iv) Konsepformasie.
- (v) Ruimtelike vermoë.

Subtoets 10 : Syfersimboolvervanging

In stryd met die algemene aanvaarding dat hierdie subtoets 'n leerproses behels met geheue as hoof-funksie beweer RAPAPORT dat aandag die belangrikste rol speel. Konsentrasie is ook belangrik. Ander inligting is verder:

- (i) Visueel motoriese koördinasie.
- (ii) Psigo-motoriese spoed.

Subtoets 11 : Prent-rangskikking

Die volgende inligting kan verkry word:

- (i) Vermoë om ordelik te dink - beplanning en antisipasie.
- (ii) Vermoë om die verloop van 'n situasie in te sien - met ander woorde die vermoë om die logiese verloop in te sien en te antisipeer wat die gevolg van 'n situasie of daad gaan wees.
- (iii) Aandag - met ander woorde om in staat te wees om klein verskille by die verskillende prente, wat 'n aanduiding van die verloop is, raak te sien (Lesings, 1973).
- (iv) Sosiale intelligensie en manipuleervermoëns.

Vir elke persoon kan daar dan ook 'n spreidingspatroon uitgewerk word. Dit kan dan dui op emosionele of organiese belemmeringe van die intellektuele funksies, òf dui op geestesgesondheid.

Die inter- en intratoetsspreiding word belangrik geag omdat dit diagnosties beduidend is van sy ver-

moëns en of hy sy potensiaal kan gebruik al dan nie.  
om na die geslagsveranderingsoperasie weer suksesvol  
in die samelewing aan te pas.

2 Die Projektiewe tegnieke (Die Rorschach- en Tematiese  
Appersepsietoetse)

Projektiewe tegnieke kan ook as 'n diagnostiese hulpmid=  
del in 'n toetssituasie gebruik word maar vir Rapaport  
(1970, p14) is die volgende ook belangrik: "A diagnosis  
is not a sufficient classification but a necessary consti=  
tuent of a personality description"

Dit gaan dus om 'n psigodiagnostiese benadering sowel as  
beskrywing van die persone en hoe hulle persoonlikheid  
verband hou met die psigodinamika en lewensituasie.

Die Rorschach en TAT is albei in hierdie studie gebruik.  
Die Rorschach vanweë die meer ongestruktureerde aard van  
die toets, en die TAT van sy meer gestruktureerde mate=  
riaal.

"The projective process involved in these tests is that  
the subject actively and spontaneously structures un=  
structured material and in so doing reveals his struc=  
turing principals of his psychological structure" (Ander=  
son en Anderson, 1951, p225).

Die persoon selekteer dus dit wat deel vorm van sy eie  
persoonlikheid. Dit is die betekenis ("meaning") wat  
hy aan die stimulus heg, wat deur die ondersoeker waarge=  
neem en bestudeer word op 'n invoelende wyse.

"Hij leert het subject kennen door naar zijn objecten  
te vragen naar de concrete, de werkelijke dinge van  
zijn wereld ..... De relatie van mens en wereld is so  
innig dat het onjuist is beiden in een psychologish  
of psychiatriche onderzoek te onderscheide" (Van den Berg,  
1967, p40 - 41).

Die keuse van albei hierdie tegnieke is bepaal omrede  
elke persoon individueel getoets is, en of dinamika van  
primêre belang was vir 'n aanbeveling al dan nie vir 'n  
geslagsveranderingsoperasie.

Die TAT is gebruik omrede dit die mens en sy omgewing, interpersoonlike verhoudings en identifikasieprosesse behels. Die volgende kaarte van die TAT is gebruik:

Kaart 1: Eishantering, identifikasie en moontlik prognose.

Kaart 2: Interpersoonlike verhoudings veral binne die familieverband.

Kaart 3BM: Hantering van aggressie en geslagsrolidentifikasie.

Kaart 6GF: Vader-dogterverhouding. Veral die "rol" van die dogter in so 'n verhouding.

Kaart 7GF: Moeder-dogterverhouding asook identifikasie met die rol van die vrou en houding teenoor vroulike seksualiteit.

Kaart 6BM: Moeder-seunverhouding en veral die rol van die seun ten opsigte van manlikheid.

Kaart 7BM: Vader-seunverhouding en veral houding teenoor outoriteit en belewing van die manlike rol.

Kaart 8: Hantering van aggressie, homoseksualiteit of moontlike kastrasie-vrees.

Kaart 13MF: Hantering van heteroseksuele situasies en houding ten opsigte van manlike of vroulike seksualiteit.

Die Rorschach is ingesluit omrede dit onderliggende dinamika, egosterkte, realiteitstoetsing, innerlike en uiterlike kontroles, affeksionele behoeftes en die hantering daarvan baie prominent na vore bring en omdat die Rorschach die dieper lae en motiveringstelsels van die persoonlikheid na vore bring. Kliniese ervaring toon dat die Rorschach en TAT mekaar aanvul in die meer volledige begrip van die individu.

### 3 Die "Teken-'n-mens" Toets (DAP)

Die "teken-'n-mens" toets is deur Florence Goodenough (1926) opgestel en is oorspronklik as intelligensie toets

vir kinders gebruik. Modifikasies het egter intussen plaasgevind sodat dit nie meer die uitsluitlike doel van 'n intelligensietoets dien nie, en ook vir volwassenes gebruik kan word, en wel op diagnostiese wyse.

Die opdrag "teken-'n-mens" behels die vrye spontane tekening van 'n mens. Dis 'n natuurlike uitdrukkingsvorm van die lewe en is gekoppel aan die psigiese groei sowel as die geestelike lewe van die persoon in geheel. Volgens Schachter en Cotte (p93) is dit 'n uitdrukkingsvorm van die menslike siel, en is dit dus moontlik om daaruit die persoon se psigodinamika te leer ken.

'n Ongestruktureerde situasie word geskep deur net te versoek: "teken-'n-mens". Die keuse word aan die persoon gelaat om 'n manlike of vroulike figuur te teken. Wat dan na vore kom gee 'n aantal leidrade van die dinamiese organisasie van sy persoonlikheid. (Anderson en Anderson, p543).

Harris (p42) beweer dat 'n persoon 'n mens teken soortgelyk aan die indrukke wat sy eie liggaam aan hom weerspieël - naamlik sy liggaamsbeeld. Dit is dus 'n uitbeelding van wat opgebou is uit fisiese, organiese en fisiologiese sensasies en ervarings met die persoon se eie liggaam. Die mens beeld homself ook onbewustelik uit.

"If the human figure can be considered the self-image, consciously or unconsciously projected, then analysis of drawings could have great importance. Distortions in the drawing may be literal or symbolic representations of inadequacies or distortions of the artist's self-image (Harris, p43).

Die persoon maak egter nie net van homself gebruik in sy tekeninge nie, maar ook van ander mense wat in sy denke of gedagtes opkom.

"All of these images intermingle to produce the subtler complex projection of the self. On a more unconscious level are added the symbols that have universal meanings ..... The body-image projected may refer to the subjects'

deepest wishes, to a frank exposure of defect, to vigorous compensations for a defect, or to a combination of all three factors. (Anderson en Anderson, 1951, p350).

Die interpretasie van die "teken-'n-mens" toets in hierdie verhandeling berus dus op 'n kwalitatiewe ontleding van die eienskappe van die tekeninge sowel as die geheelbeeld wat dit skep. Hier is veral klem gelê op plasing, die grootte van die figuur, die weglaat van sekere dele van die liggaam, byvoegings, skaduwees, ens. Dit is op 'n invoelende fenomenologiese wyse geïnterpreteer.

Daar is drie instruksies gegee nl:

- teken 'n mens.
- teken iemand van die teenoorgestelde geslag.
- teken jouself.

Al drie die tekeninge is dan ook in hierdie studie ten opsigte van elke persoon ingesluit. Dit is noodsaaklik veral om sy houding ten opsigte van manlikheid en vroulikheid en waar hy/sy self inpas, aan te toon.

#### 4 Die Wartegg-prentvoltooingstoets

Ehrig Wartegg het die prentvoltooingstoets ontwikkel. Daar is 8 blokkies, elk met 'n spesifieke stimulus waarvan die persoon iets moet maak wat onmiddellik in sy gedagtes opkom.

Die toets besit veral spesifieke manlike en vroulike stimuli. Vroulikheid word gemeet deur blokkies 1, 2, 7 en 8. Hierdie stimuli het veral ronde eienskappe. Manlikheid word deur die sterk reguit lyne gekenmerk en kom in blokkies 3, 4, 5 en 6 voor (Hammer, 1967, p35).

Hierdie toets kan dan ook kwalitatief sowel as kwalitatief ontleed word. Vir die doel van hierdie ondersoek word net van die kwalitatiewe ontleding gebruik gemaak omrede dit aanvullend by die ander toetse gebruik word.

Mense reageer nie alleenlik op 'n passiewe wyse op hulle omgewing nie, maar word geprikkel deur die realiteit en interpreteer dit wat hy sien na aanleiding van sy



innerlike lewe. Met ander woorde sy eie self en die belewenis van sy buitewêreld. Hy reageer op sy eie, unieke wyse.

Omrede die transseksualis geslagsrolidentifikasieprobleme het, is dié toets, wat veral manlikheid en vroulikheid meet, gebruik as aanvullende materiaal en gevolglik net kwalitatief ontleed.

Volgens Kinget (1952, p13) is Wartegg se toets nie absoluut geldig nie. "Warteggs' work does not contain evidence of precise validation and thus fails to provide a basis for gaging its objective and practical value".

Die toets is kwalitatief ontleed op 'n in'voelende'wyse en is moontlik onbetroubaar as gevolg van subjektiewe beoordeling. Die ondersoeker het egter gepoog om so objektief moontlik te werk te gaan om bevoordeling uit te skakel.